# MAXI-TRIM

Reg. No. G4390 Act 36/1947

## SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

**BERGING**
Berg teen of benede 25 °C.
Beskerm teen sonlig.

**SAMESTELLING**
Elke ml bevat Sulfametoksasool 200 mg, Trimetoprim 40 mg.

**INDIKASIES**
Maxi-Trim word aanbeveel vir gebruik in skape, beeste en varke vir die behandeling van sulfoonamied sensitiewe infeksies. Dit word gebruik vir bakteriële infeksies in die asemhalingstelsel, gastroïntestinale infeksies, urienweginfeksies, infeksies in wonde en vrotpootjie.

**WAARSKUWINGS**
Onttrekkingstydperk:
Vleis: 5 dae, Melk: 3 dae.

- Mag swelsel veroorsaak by plek van inspuiting.
- Moenie in diere met lewersiekte gebruik nie.
- Moenie in diere gebruik wat sensitief is vir sulfas nie.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder ‘n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg ‘n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS**

- Gebruik slegs soos aangedui.
- Vir binnespierse inspuiting 1 ml per 15 kg liggaamsmassa daagliks vir 5 dae. In gevalle van ernstige infeksie kan die dosis verhoog word na 1,5 ml per 15 kg liggaamsmassa binnespiers toegedien.

**IDENTIFIKASIE**
Geel, effens viskeuse deursigtige oplossing.

**AANBIEDING**
Amberkleurige glasflessie met 100 ml steriele oplossing.

KYRON

Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk.,
Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C,
45 Parkview straat, Highway Business Park,
Rooihuiskraal, Uitbr. 31, Centurion, 0157,
Suid Afrika, Tel: 0861 247 463.